Gereformeerde Kerk Bellville-Oos

Huisbesoek Augustus 2010

Kom na My toe, die lewende water!

Inleiding

Die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos het `n besondere roeping van die Here ontvang. `n Gedeelte daarvan is vasgevang in die twee gedenkplate / hoekstene in die voorportaal van ons kerkgebou. Op beide die gedenkplate is daar 'n aanhaling uit Openbaring 22:17 "**Laat hom wat dors het, kom**" en "**die water van die lewe is verniet**." Ons wil graag weer nuut kyk na ons gemeente se gehoorsaamheid aan die beginsels van hierdie gedeeltes.

Ons vat dit saam in die tema: **Strome lewende water**

Hierdie tema is formuleer uit Johannes 7:38 en dui op die gevolge van wanneer iemand werklik sy geestelike dors by Jesus Christus kom les.

Uit hierdie Skrifgedeelte het ons ook drie aktiwiteite geïdentifiseer wat te doen het met die water van die lewe: **Kom, Drink en Vloei.**

Ons gaan DV elkeen van hierdie aktiwiteite tydens huisbesoek behandel. Tydens hierdie huisbesoek gee ons verdere aandag aan die eerste aktiwitiet nl. **KOM!** Ons tema vir hierdie huisbesoek is **Kom na My toe, die lewende water!**

Lees die volgende Skrifgedeelte saam: Johannes 7:37-39

1. Inleiding

Ons Here Jesus het al die Joodse feeste onderhou en hulle betekenis goed geken. Hy het egter die mense geleer dat Hy in sy eie persoon die eintlike Een is na Wie die feeste gewys het. Dit was ook die geval met die Huttefees (saam met die Paas- en Pinksterfees was dit die hooffeeste van die Jode).

Die Huttefees was **DIE FEES VAN DIE WATERS.**

- Die Jode het eerstens tydens die fees teruggedink aan hoe wonderlik God hulle deur water heen (by die Skelfsee) maar ook deur watervoorsiening in die woestyn (bv. Mara, Elim, Meriba) gered het op pad na die beloofde land.
- Dit was verder ook 'n natuurfees waarin hulle gedink het hoe die Here deur reën (water) 'n goeie oes vir hulle moontlik gemaak het (vgl. Lev. 23)

2. Die viering van die Loofhuttefees

Die fees het 7 dae lank geduur en is van 15 - 22 Oktober gevier. Alle volwasse mans wat binne 'n radius van 35 km rondom Jerusalem gewoon het, moes teenwoordig wees. Feesgangers moes hulle huise verlaat en oral in feestelike loofhutte woon. Hierdie hutte is orals gebou en het bestaan uit takke en blare.

Op die laaste dag van die fees het die Jode 'n groot sambreel van takke en blare gemaak en daarmee rondom die altaar in die voorhof van die tempel geloop. Een van die priester neem dan 'n goue kruik en in 'n optog is dit vol water gemaak by die Siloam-waterbron. In 'n optog het hulle dan weer terugbeweeg na die tempel en die fonteinwater uitgegiet oor die brandofferaltaar. Dit het bekend gestaan as die WATERGIETING. Terwyl dit gebeur het die volk juigend die woorde van Jesaja 12:3 uitgeroep **Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.** Hulle het ook uit Psalm 113-118 gesing en met swaaiende palmtakke uitgeroep **Loof die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie! Red tog Here, gee tog voorspoed, Here!** (Ps. 118:1,25).

3. Jesus op die Loofhuttefees

Met die Huttefees in Jerusalem was Jesus ook teenwoordig. Op die laaste dag van die fees, op die hoogtepunt van die fees met die watergieting by die tempel, het Hy na vore gekom. Met 'n weergalmende stem het Hy uitgeroep: *As iemand dors het, laat hom na MY toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome lewende water sal uit sy binneste vloei.* Met hierdie woorde eis ons Here Jesus die betekenis van die Huttefees vir Homself op. Hy sê:

Kyk! Ek is daardie fonteine van heil vir dorstiges!
Kom dan na My toe! Kom skep! Kom drink en LEWE!

4. Jesus se uitnodiging

Aan alle mense wat geestelike dors het, rig Jesus die genaderoep: **Wie dors het, laat hom na My toe kom en drink!** Hy bied die water van die lewe aan, verniet! Hy roep só dat almal op die fees dit kan hoor. Sy roepstem en uitnodiging klink vandag nog op!

Wie dors het / As iemand dors is….. Is daar dan mense wat díe dors nie ken nie? Die ellende van ons ellende is dat almal dors het, maar die meeste die aard van die dors nie onderskei nie.

Wat is die dors diep binne in elkeen van ons?

……

Met watter skynwater probeer ons dikwels ons dors te les? Wat is die gevolge?

……

Hoe is Jesus die lewende water vir dorstige mense?

……

Wat beteken dit prakties om as dorstige mense na Jesus te kom?

……

5. Wat doen ons met Jesus se uitnodiging?

Is ons werklik mense wat na Jesus gekom het en by Hom lewende water ontvang het? Is ek werklik aan Jesus Christus verbind met 'n ware geloof?

Drink ek nog elke dag by Hom – slukkie vir slukkie? Waarin is dit sigbaar in my lewe en hoe verkwik Hy my telkens?
OF
Het ek dalk geen geestelike dors nie? Geen verlange en smagting na God nie?
OF
Jaag ek dalk lugspieëlings na in my doodsdors. Soek lafenis in dinge wat nie werklik kan bevredig nie en my dors sal laat groei tot 'n diepe dooddors (Lk. 16:24)?

6. Verdere seën

Wie by Jesus kom drink, ontvang 'n verdere seën: ***Hy wat in My glo, strome lewende water sal uit sy binneste vloei!***

Jesus sê: Jy word dan deur die Heilige Gees self 'n fontein. Lewegewende water gaan van jou af uitvloei na jou medemens. Jy giet dan seëninge uit oor die mense wat God op jou pad bring

In 'n latere huisbesoektema sal ons in besonderhede hierby stilstaan. Dit belig die VLOEI aspek van ons tema.

Sake vir ouderlinge:

- Hoe gaan dit met die KOM-aktiwiteite in die wyk (vorige huisbesoektema)? Watter vordering was daar? Gee gerus tydens die ouderlinge se verslagvergadering terugvoering.
- Daar was enkele wyksveranderinge van lidmate. Werk dus met die nuutste naamlys wat u van die kantoor ontvang het.
- Kontroleer lidmaatbesonderhede en gee so spoedig moontlik enige veranderinge aan die kantoor deur.
- Kyk assblief of nuwe lidmate in die wyk al hulle voete gevind het. Indien u hulp hierin verlang nader gerus die diakonie se werkgroep vir nuwe lidmate (kontak Bart van Milligen).
- Toerustingskursus vir ouderlinge. Het jy al een bygewoon? Volgende kursus is op 25 Julie en 1 Augustus. Kontak Piet Aucamp hiervoor.
- Naskoolse jongmense: metode van huisbesoek. Voorstelle?
- Ander sake?